



**FUNDAMENTELE CHRISTELIKE
LERINGE**

**No.3: U Verbond
(Intermediêr)**

**Daar is net "Een" Verbond,
en Christene het dit Grootliks Gemis**

ONS LIG IN – U KIES

PROFESSOR WA LIEBENBERG

Daar is net "Een" Verbond, en Christene het dit Grootliks Gemis.

Deur

Professor WA Liebenberg

Vertaling en Proeflees deur: André le Roux

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van die boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende laserskyf-of bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie.

Versprei deur:

Hebraic Roots Teaching Institute
Krugersdorp – South Africa
Email: products@hrti.co.za
Mobile: +27 (0)83 273 1144

Facebook Bladsy: "Hebraic Roots Teaching Institute"
Webwerf: <http://www.hrti.co.za>

Voorwoord

YHWH "God" het ons geroep om twee dinge te doen. Eerstens, om nie op te hou met studie en om te soek na die korrekte interpretasie van enige gegewe bybel gedeelte nie. Tweedens, om te leer om met geduld en liefde met ander te deel wie nie dalk dieselfde begrip van 'n gegewe teks met ons deel nie.

Dwarsdeur die HRTI se studies gebruik ons 'n effense verskillende tipe woordeskat as wat sommige dalk gewoon aan mag wees. Ons verkies die gebruik, wat baie na sal verwys as 'n Messiaanse woordeskat. Die redes hiervoor is: Eerstens, die gebruik van Hebreeuse-klinkende woorde is nog 'n manier om jou te help assosieer met die Hebreeuse wortels van jou geloof. Tweedens, hierdie woorde is nie bloot 'n uiterlike vertoon vir ons nie, maar 'n werklike uitdrukking van wie ons as Messiaanse Jode en nie-Jode is en wat ons erfenis saam met Israel daad werklik "aangryp."

In plaas daarvan om te sê: "Jesus," noem ons, ons Verlosser "Y'shua," tipies die manier waarop sy ouers Hom sou aangespreek het in hul eie Hebreeuse taal. Daarbenewens, eerder as om te verwys na Y'shua as "Christus", gebruik ons die woord "Messias", wat is 'n Anglikaanse weergawe van die Hebreeuse woord, Moshiah.

"Yahovah" is die naam van God in Hebreeus, waar dit as vier konsonante (YHWH of YHVH, waar die W en V afgelei is van dieselfde Hebreeuse letter 'Vaw') in Hebreeus voorkom. Hierdie vier konsonante word die Tetragrammaton (Grieks vir "['n woord] met vier letters") genoem. Die Jode het opgehou om die naam te gebruik in die Grieks-Romeinse tydperk, en was vervang met die naamwoord Elohim, vir "God," om die universele soewereiniteit van Israel se God te demonstreer oor al die ander gode, op dieselfde tyd, is steeds die goddelike naam beskou as te heilig om na uiterlik te gebruik, en is vervang in gesproke taal deur die woord Adonai ("My Here").

Vanaf ongeveer die 6de tot die 10de eeu het die Masorete, Joodse geleerdes wat die eerste vokale ingevoeg het in die teks van die Hebreeuse Bybel, die vokale van die Hebreeuse woorde Adonai en Elohim ingevoeg in YHWH en en so die gebruik van die kunsmatige naam, Jehova ontstaan. Christen-geleerdes en vertalers na die Renaissance en Hervorming tydperke, het die heilige naam YHWH met God en HERE (in hoofletters in die Bybel) vervang, wat 'n strategiese skuif was van satan om die gebruik van die oorspronklike Naam te stop. Die Heilige Naam kom 6,828 keer voor in die Hebreeuse teks, wat bewys dat YHWH wil hê ons moet Sy Naam onthou en gebruik.

In die 19de en 20ste eeu, het Bybelse geleerdes weer begin om die vorm YaHWeH te gebruik; en vandag is dit 'n konvensionele gebruik in Bybelse kundigheid, maar van die Hebreeuse geleerdes stel voor dat YHWH uitgespreek moet word as Yah-oo-Vah (Y'shua is afgelei van Yah-Shuvah wat beteken dat YAH red. Yah (יה) is 'n afkorting van God se naam, YHWH, soos gesien in Psalm 68:4. Die Naam word ook gevind in die woord hallelu-YaH, wat "loof die Here" beteken).

Wat is hierdie snert van voldoening aan die "Wet"?

Inleiding

Satan het Christene lamgelê vir die laaste 1,700 jaar. Hy het hulle meesterlik mislei en het hulle in 'n swart gat van vergetelheid ingetrek, hulle verstand vervaag en die *fundamentele waarheid* verdraai dat die *hele Bybel nie meer van toepassing is nie*, dit wil sê, dat daar met die "Wet" weggedoen is.

Christene in die algemeen gebruik nie die wet (Torah in Hebreeus, beter bekend as die instruksies van YHWH) as die "fondament" waarop hulle geloof bou nie. Byvoorbeeld, hoe baie kerke sal 'n nuwe bekeerde sondaar neem en begin om hom te leer van sonde, bekering van dooie werke, geloof, die wedergebore ervaring, ens, uit die Torah? Sien die punt?

Die meeste Messiaanse gelowiges is dit geestelik eens dat die Torah die grondslag is vir die verstaan van die res van die TaNaCh¹ en die Nuwe Verbond Skrifte. Christene bou feitlik nooit die grondslag van hulle geloof op die Torah, wat die enigste ware Bybelse bron is vir 'n "fondament", nie. Soos met die meeste Christene wat gered is en in die tradisionele kerk instelling geleer is, is die grondslag van hulle geloof gestig met behulp van slegs die Nuwe Verbond Skrifte. Alhoewel die Nuwe Verbond Skrifte deur God geïnspireer is, is hulle nooit bedoel om gebruik te word om die fondament van ons geloof-stelsel te vorm nie.

Die Torah alleen moet die beginpunt wees vir die bou van 'n geloofs grondslag na jou verlossing in Y'shua die Messias. Die Torah is die fundamentele openbaring oor die aard van YHWH en Sy verlossende handeling met die mensdom. Hierdie lering sal natuurlik bewys dat dit gebaseer is op die Skrif. Op hierdie punt sal Satan u ontmoedig om verder te lees, maar u moet asseblief voort te gaan om te lees.

Die Nuwe Verbond Skrifte is dus 'n voortsetting van die Torah deurdat hulle die openbaring van die TaNaCh voltooi (vervul). Hoe so? Ons moet onthou dat die Torah 'n skaduwee en patroon was van goeie dinge wat gaan kom. Al die konsepte en leringe wat ontwikkel het in die Nuwe Verbond Skrifte is "alreeds geopenbaar in die Torah", al is dit net as 'n skaduwee.

¹ Hebreeuse Bybel, ook bekend as die Ou Verbond vir Christene

As jou geloof nie gebaseer is op die fondament van die Torah nie, dan moet jy dit ernstig oorweeg om die Torah ywerig vir jouself te bestudeer om te sien wat YHWH se Torah sê. As jou grondslag hoofsaaklik alleenlik gebou is op die Skrifte van die Nuwe Verbond, dan sal jy 'n minder as ideale begrip van YHWH se Woord en Sy wil vir jou lewe hê. Hierdie minder as ideale begrip sal bestaan omdat jy die regte grondliggende begrip ontbreek om die res van die TaNaCh en die Nuwe Verbond Skrifte korrek te interpreteer.

Belangrikste is, dit sal dit onmoontlik wees om die Nuwe Verbond Skrifte ten volle te begryp sonder 'n behoorlike grondslag van die Torah. Geen wonder Y'shua het gesê: *"Ek het nie gekom om die wet te vernietig* (letterlik beteken dit, om die Torah verkeerdelik te onderrig – en dit daardeur ongedaan te maak), *ek het gekom om die wet te vervul"* (wat letterlik beteken, "Ek het gekom om die Torah te verduidelik en korrek aan jou te interpreteer").² Daarom, "alles" in die Nuwe Verbond Skrifte gebaseer op dogma is "duidelik" gevestig in die Torah.

Met dit in gedagte, laat ons begin met ons reis...

Bemoedigende Notas:

- 1) Dis nie maklik om hierdie leerstelling te hoor nie - ons verstaan dit, maar dit is noodsaaklik vir jou ewige lewe.
- 2) Jou Christelike tradisies sal deur Satan gebruik word om te argumenteer teen YHWH se Skriftelike waarhede.
- 3) Ons by HRTI is passievol oor jou siel, daarom maak ons dit ons missie om skriftuurlike grondige leringe en Bybelse waarhede te skryf.
- 4) Navorsing is die proses van eliminerings; wat oorbly is die Waarheid, daarom *"Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny"*.³

Die Tyd het aangebreek om Wakker te Skrik!

In die vorige boekie het ons duidelik uit die Bybel bewys dat jy "Israel" IS. (As jy dit nog nie gelees het nie, raai ons u aan om dit eers te lees). Dit beteken dat jy deel is van die burgerskap van Israel en die reëls wat van toepassing is op Israel ook op jou van toepassing is (Ef 2:12-13).

² Matt 5:17

³ 2 Tim 2:15

In hierdie lering, sal ons bewys dat almal wat glo in Messias Y'shua en Hom volg, is opdrag gegee om die "Torah" te "bewaak" en om te wandel soos die Messias Y'shua gewandel het "in Torah".

Die tyd het aangebreek vir Christene om te ontwaak en "die koffie te ruik", YHWH se waarhede te aanvaar en Hom te gehoorsaam. Ons wil ook die punt tuisbring dat Y'shua nie gekom het om 'n nuwe godsdiens te begin nie. Nee, Hy het gekom om die Verlosser van 'n bestaande "nasie" te wees. Die nasie is Israel. Daarom kan daar geen twyfel wees, geen vrae en geen besprekings oor hierdie waarheid wees nie!

Met dit agter die rug, laat ons begin met...

Drie Hoof Oortuigings oor die "Wet"

Christenskap het drie sienings oor die interpretasie van wat Wet is:

- 1) Die Wet is die Torah en bestaan uit al **613 Mitzvot** ⁴ (die Wet kan ook **die hele Ou Testamentiese instruksies insluit**).
- 2) Die Wet beteken slegs die **Tien Gebooie** en oral waar u die woord Wet in die Nuwe Verbond lees verwys dit slegs na die Tien Gebooie.
- 3) Wet beteken slegs NT wette - dit beteken die Messias se wette. Y'shua Messias se wette bestaan uit net twee wette, of beter, Twee Gebooie, en die twee (u moet YHWH liefhê en jou naaste liefhê) maak al die wette van die Ou Testament to niet.

Wat is die Wet?

Kom ons kyk na die betekenis van die bogenoemde drie punte per definisie:

1) Die Torah, wat die 613 instruksies is in die eerste vyf boeke van die Bybel, is net vir die **korrigering, beskerming en leiding** van die Gelowige. Torah kan jou nie red nie, punt. Dit was gegee om jou te lei in jou wandel met die Messias Y'shua **na** verlossing, en glad nie oor die verkryging van verlossing nie. Dit beteken dat die werke van Torah jou nie kan red nie, u doen die werke van Torah vrylik en vrywillig **nadat** jy tot bekering gekom het nie, want jy is lief vir YHWH en Y'shua, punt.

2) Die Tien Gebooie verskyn twee keer in die Hebreeuse Bybel - in die boeke Eksodus en Deuteronomium. In Eksodus, het YHWH dit op twee

⁴ Instruksies

kliptafels geskryf, wat Hy aan Moshe gegee het op die Berg Sinai. Die Tien Gebooie is genoem עשרת הדברים (getransliterereer Asereth ha-D'bhārīm), en in Rabbynse Hebreeus עשרת הדברות (getransliterereer Asereth ha-Dibroth), is vertaalbaar as "die tien woorde", "die tien gesegdes" of "die tien sake". Nooit was dit Torah genoem nie. YHWH gebruik 'n ander woord vir dit eerder as Torah om 'n duidelike onderskeid tussen die twee te maak. Die Tien Gebooie word gevind in die Torah, in werklikheid is die Tien Gebooie 'n opsomming van die 613 instruksies van die Torah.

3) Die Twee Gebooie vervang nie die 613 Gebooie van die Torah nie, dit is glad nie wat Y'shua geleer het nie. Uit 'n Grieks-Westerse perspektief is dit wat Leraars jou sal leer en wat Christenskap glo, maar van 'n Hebreeuse perspektief (Y'shua se perspektief), is dit net 'n verdere opsomming van die 613 gebooie en die **kern** en fundamentele **pilare** van die Torah. Hierdie Twee Gebooie is in Lukas 10:27 genoem. Om hierdie konsep van 'n Hebreeuse perspektief te verstaan, lees wat hieronder gesê word...

Begrip van die Torah-boom en sy Strukture

Die Torah-boom bestaan uit Wortels, 'n Stam, Takke en Vrugte. Die hele boom kry sy voeding van die **Wortels, wat Y'shua is**. Alles begin met Y'shua en Hy is die Een wat lewe gee. Dit gaan nie verduidelik word nie want dit word algemeen aanvaar. Die vrugte is die eindproduk en Y'shua verwys hierna wanneer Hy sê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken."⁵ Hierdie Vrugte is Torah lewe!

A. Die Twee Wette van "Y'shua" (die Stam)

Die twee wette wat aangehaal word deur Y'shua: "Jy moet YHWH jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself" is die belangrikste fundamentele pilare waarop al YHWH se instruksies rus. Die twee pilare word in die kern van die Torah vermeld:

*Deut 6:5: Daarom moet jy **YHWH jou God liefhê** met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.*

*Lev 19:18: Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor die kinders van jou volk wees nie, maar jy moet jou **naaste liefhê** soos jouself. Ek is YHWH.*

⁵ Matt 7:16

Dit is die wese en kern van YHWH se beginsels - wees lief vir YHWH en wees lief vir jou naaste - niks meer nie, niks minder nie. Die hart van die Torah is dus opgesom deur Y'shua, en dit is LIEFDE!

Dit beteken dat u hierdie twee wette doen dan sal u outomaties Sewe Noahide Wette doen...

B. Die Noahide Kode⁶ (die groter takke van die stam)

Die Sewe wette van Noag (Hebreeus: *נה בני מצוות שבע Sheva mitzvot B'nei Noach*) is 'n stel morele reëls wat deur YHWH gegee is as 'n bindende stel wette vir die "kinders van Noag" - dit is, die hele mensdom. Let daarop dat dit gegee is jare voor Moshe die Geskrewe Torah op die Berg Sinai gegee is.

Die sewe Wette is:

- 1) 'n *Verbod van Afgodediens* (wees lief vir YHWH / moenie ander gode aanbid nie).
- 2) 'n *Verbod van Moord* (wees lief vir jou naaste / dan sal jy hom nie seermaak nie)
- 3) 'n *Verbod van Diefstal* (wees lief vir jou naaste / dan sal jy nie steel van hom nie)
- 4) 'n *Verbod van Onsedelikheid* (wees lief vir jou naaste / moenie verkul nie, of 'n persoon gebruik om jou begeertes te bevredig nie)
- 5) 'n *Verbod van Godslastering* (wees lief vir YHWH / jy sal nie Sy naam in ydelik gebruik nie)
- 6) 'n *Verbod van die eet van vleis uit 'n dier terwyl dit nog lewe* (wees lief vir YHWH / respekteer JHWH se skepping en bly weg van die heidendom)
- 7) *Instelling van howe van die wet* (wees lief vir jou naaste / voldoen aan regverdigheid)

Die Noahide Wette word beskou as die pad waardeur nie-Jode 'n direkte en betekenisvolle verhouding met YHWH kan hê, of ten minste voldoen aan die minimale vereistes van beskawing en van Goddelike Wet. Dit, natuurlik, is weereens net 'n opsomming van die Tien Gebooie. Meer besonderhede word bygevoeg in die Tien Gebooie.

⁶ Noahide Wette bestaan uit die ses Wette wat aan Adam gegee is in die tuin van Eden, volgens die **Joodse interpretasie** van Gen 02:16, en 'n sewende een, wat bygevoeg is na die Vloed van Noag. Dit word egter nie genoem in die Skrif in besonderhede nie en is hier gelys slegs om die uitbreiding van YHWH se Torah boom te verstaan.

C. Die Tien Gebooe (die kleiner takke van die "groot takke")

Weereens, die Tien Gebooe is 'n opsomming van die Torah, die 613 Instruksies. Die Tien Gebooe word in Eks 20:2-17 en Deut 5:6-21 gevind.

Die Tien Gebooe is verbodsbepalings (behalwe vir Gebooe Vier⁷ en Vyf⁸). Hierdie Tien Wette omskryf die hart van die *verbonds verhouding* tussen YHWH en Israel nadelig. Die eerste vier Gebooe is verwant aan 'n mens se verhouding met YHWH. Die volgende ses Gebooe het te doen met menslike verhoudings (ses synde die getal van die mens). Dit is belangrik om daarop te let dat die regte verhoudings met ander volg op die regte verhouding met YHWH. Om 'n opregte verhouding met YHWH te hê, verplig mens om die regte verhouding teenoor 'n mens se naaste te hê. Hier kan 'n mens die wonderlike balans sien wat in die Tien Gebooe onderhou word. Dit beteken dat pligte teenoor YHWH en ander mense nie geskei is nie.

Die Tien Gebooe was nie net aan die Hebreeuse mense gegee nie, maar is blywende Wette vir alle mense; almal wat graag in die burgerskap van Israel wil inkom. Sommige van die Torah Voorskrifte van die Bybel lyk asof dit net van toepassing is op spesifieke tye, plekke en persone, maar die Tien Gebooe het 'n blywende kwaliteit oor hulle. Hulle dra *pligte oor aan almal* en openbaar aan ons die *basiese moraliteit* wat vereis word deur YHWH. Alhoewel die Tien Gebooe universele geldigheid het, is hulle werklik betekenisvol **slegs** vir persone wat **verbind** is tot die Elohim agter hulle. Wat die Tien Gebooe uniek maak, is die karakter van Elohim wat hulle gegee het. Sonder YHWH, verloor die Gebooe hulle uitsonderlikheid.

Hierdie Tien Gebooe is dus **basiese beleids verklarings vir die lewe** in 'n verbond gemeenskap met YHWH; en hierdie tien Gebooe is 'n **opsomming** van al YHWH se 613 instruksies in die Torah.

D. Die 613 Torah Instruksies (die vrugte van die "kleiner takke")

YHWH het die hele pakket in die Torah gegee en verduidelik die Tien Gebooe in groot detail, sodat geen gelowige 'n verskoning sal hê om te sê: "Ek het nie geweet wat YHWH werklik van my verwag nie." Soos gesê, Sy Opdragte is gegee om my te **korrigeer**, om my te **beskerm**, en om my **leiding** te gee; natuurlik, om my in staat te stel om 'n regverdigte en heilige lewe te leef wat aanvaarbaar is vir YHWH.

⁷ Eks 20:8-11

⁸ Eks 20:12

Die etimologie van die woord Torah is Hebreeus en word meestal vertaal as "wet" in die Ou Verbond. Torah word meer as 200 keer gebruik. Torah in die Ou Verbond het "**die manier van lewe vir getroue Israeliete**" beteken. Die Torah is meer as net "wette", dit sluit die verhaal van YHWH se onderhandelings met sy volk, Israel in.

Die konsep van Torah is gekoppel aan dié van "verbond". Die verbond tussen YHWH en sy mense by die berg Sinaï verskaf die grondslag vir al Israel se wette. YHWH, die Verlosser van die Israeliete uit Egipte, het Sy instruksies vir sy mense uiteengesit. Hulle moes YHWH se wette gehoorsaam as gevolg van wat Hy vir hulle gedoen het deur hulle te red uit Egipte.⁹ Die Wette in Eksodus, Deuteronomium, Numeri en Levitikus dek alle gebiede van gemeenskaps lewe. Die Torah is dus 'n gawe en absolute seën van YHWH aan Sy mense om **lewe te verbeter**, en nie om dit slegter te maak nie! Gehoorsaamheid aan die Torah sal altyd lei na Sy seën.¹⁰ Gehoorsaamheid aan die Wet sal die **gesondheid en volkomenheid** van die **verbonds gemeenskap** voorsien.

Hierdie Wette begin dikwels met 'n "as" of 'n "toe" en hanteer gewoonlik baie spesifieke situasies. Baie keer dui hulle op 'n straf vir die oortreding van die wet¹¹ wat ons duidelik in hierdie leer sal sien.

Om dit op te som in 'n neutedop, die 613 Torah Instruksies is die vrugte waardeur jy sal herken word:

*Psalms 1:1-3 Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; ² maar **sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag.** ³ En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat **sy vrugte gee op sy tyd** en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.*

Belangrikste: Om die Torah Instruksies te volg is die resultaat van verlossing en lei tot 'n oorvloed van seëninge! Dit is ons vrugte!

⁹ Eks 20:2

¹⁰ Eks 19:5-6

¹¹ Eks 21:2-3, Eks 21:4, Eks 22:1-2, Eks 22:4-5, Eks 22:25

Ons Bekommernis

Hoe meer ons leer, hoe meer besef ons dat ons die Torah MOET onderhou en dat ons die Skrif al die tyd misverstaan het.

Hierdie lering is iets wat baie naby aan ons harte is, en iets wat ons begeerte is dat elke gelowige dit moet hoor. In werklikheid, dit is noodsaaklik dat elke persoon hierdie boekie lees.

Jy moet duidelik verstaan dat daar 'n paar redes is waarom die "Wet" erg misverstaan is. Sha'ul se briewe en Handeling hoofstuk 10 en 15 is maar 'n paar van die vernaamste redes waarom ons die Skrif aangaande die Wet misverstaan. Sha'ul se briewe is UITERS MOEILIK om te verstaan en Petrus ons ernstig daarvoor gewaarsku ...

Sha'ul's se Briewe

Petrus waarsku **Christene** en **Leraars** vooraf dat hulle Sha'ul se briewe **sal** misinterpreteer, en dat selfs Leraars Sha'ul se briewe sal verdraai om 'n **leerstelling te volg wat staan teen dit wat YHWH en Y'shua leer!** Vandag, is dit algemeen in byna elke Christelike denominasie wêreldwyd!

*2 Petrus 3:15-17: ¹⁵ En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, ¹⁶ net soos in al die briewe. **Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf** (want hulle volg nie die Torah nie). ¹⁷ **Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word** (meegesleep in 'n heidense leerstelling) **deur die dwaling van sedelose mense** ('n Torahlose leerstelling) **en wegval uit jul eie vastigheid** (die antieke lering, om die Torah te volg) *nie*.*

Paulus het die TaNaCh beter as die meeste mense geken. Hy het onder die groot leermeester Gamaliël en later onder Y'shua self gestudeer, soos uiteengesit in die boekie No 2. Sha'ul was 'n meester in Torah en skryf van die punt dat al sy lesers ten volle vertrou is met die geskrewe Torah soos YHWH dit gegee het aan Moshe op die Berg Sinai, sowel as die mondelinge Torah (literatuur wat die geskrewe Tora verduidelik) - soos vertolk deur die Joodse Wyses van ouds.

Sha'ul verwys, in werklikheid, na vyf verskillende verwysings na "wet" in sy briewe, en as jy nie die Torah en die Ou Verbond ken nie, sal jy sekerlik valse leerstellings uit sy briewe formuleer!

Petrus waarsku ons om nie Sha'ul se briewe te verdraai om 'n leerstelling van "wetteloosheid" te ondersteun nie.

So, wees baie versigtig wanneer jy Sha'ul se briewe gebruik om 'n leerstelling wat nie ondersteun kan word deur YHWH se Torah nie, te ondersteun. As u dit doen, weet dat u eenvoudig nog nie by die "waarheid" uitgekom het nie.

(Kyk asseblief hierdie kort video oor Wet en Genade genoem "Law and Grace for Dummies" op:

<http://www.youtube.com/watch?v=JSO7G0JLTIE&feature=fvwrel>

Dit sal u duidelik wys hoe maklik dit is om die Wet en Genade te verstaan en hoe hulle saamwerk.)

Ons moet Wandel soos Y'shua Gewandel het

Die beminde Yochanan (Johannes), die een wat op Y'shua se skoot gelê het, beveel ons:

1 Joh 2:6: *Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te **wandel soos Hy (Y'shua) gewandel het.***

Die vraag is dan: hoe het Y'shua gewandel?

Hy was 'n Jood, reg? Beslis! Ons het dit bewys in boekie No 1.

Hoe het die Jode gelewe? Het hulle die "weg" gevolg soos hul voorvaders gedoen het? Beslis! Ons het dit ook bewys in die boekie No 1.

Het Hy die Gebooie (die Torah) gehou? Beslis! Ons het dit bewys in boekie No 2.

Het Hy gewoon in 'n Joodse kulturele omgewing? Natuurlik het Hy. Hy het in Israel en saam met Sy mede gelowiges gewoon, Hebreeus gepraat, die Torah en die Tanach bestudeer, feeste gevier soos 'n Jood, en geleef soos 'n Jood!

Waarom die behoefte aan die Torah?

Dit moet duidelik verstaan word dat:

Die Wet = Goeie Werke / Aksies = die Torah

Die "Werke van die Torah" is die "goeie werke" wat ons doen. Hierdie werke kan nie verlossing verdien nie. Ons hou die Torah as **vrugte** van verlossing, en nie as die **kern** van verlossing nie. Dit beteken dat jy die Torah hou **ná** bekering, want jy is lief vir YHWH en Y'shua. Elke sonde is gekoppel aan 'n aksie, en al die moets en moenies is aksies wat genome word in die Torah wat nagekom moet word.

Wat sê YHWH se Woord is Sonde?

Skrif moet Skrif definieer en om te weet wat sonde is, kan slegs gedefinieer word deur die Skrif:

1 Joh 3:4 *Elkeen wat die **sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid.***

Feite afgelei van die vers (dink oor elke feit vir 'n oomblik):

- 1) As jy sonde doen, dan beoefen jy wetteloosheid...
- 2) Sonde is wetteloosheid; sonde is Torah-loosheid...
- 3) As jy sonde pleeg, dan oortree jy een (of meer) van die 613 instruksies van YHWH in die Torah...
- 4) Sonde is die oortreding van (ongehoorsaamheid) enige een (of meer) van die 613 Wette van YHWH in die Torah...
- 5) Sonde kan net geïdentifiseer word as daar 'n wet is, in hierdie geval, YHWH se Torah...
- 6) Sonde is nie doen of voldoening aan enige Torah Instruksie van YHWH, en sodoende rebelleer jy teen YHWH se Woord, en dit is toordery...¹²

Die Drie Groepe van Gelowiges in die Skrif

Geliefde vriend, jy het nodig om te weet dat daar net drie groepe van gelowiges in die Skrif is, en elke persoon moet hom / haarself kategoriseer in een van dié drie groepe...

¹² 1 Sam15:23

1) Die wat Groot is in die koninkryk van Elohim:

Matt 5:19: *Elkeen dus wat een van die **minste van hierdie gebooië breek** (Torah Instruksies) en die mense só leer, sal die **minste genoem word in die koninkryk van die hemele**; maar elkeen **wat dit doen** (a werkwoord, 'n aksie) **en leer**, hy sal **groot genoem word in die koninkryk van die hemele**.*

Kom ons beweeg aan en kyk wat die Torah sê:

Num 15:22-29: *²² Verder, as julle jul misgaan en **nie al hierdie gebooië doen** wat die YHWH aan Moshe meegedeel het nie— ²³ **alles** wat YHWH julle **deur Moshe beveel het** van die dag af dat YHWH dit beveel het en verder in julle geslagte— ²⁴ dan moet die hele vergadering, as dit **buiten wete van die vergadering, in swakheid gebeur het, een jong bul berei vir 'n brandoffer** as lieflike geur aan YHWH, met die spysoffer en die drankoffer wat volgens voorskrif daarby behoort; en een bokram **as sondoffer**. ²⁵ En die priester moet versoening doen vir die hele vergadering van die kinders van Israel, en **dit sal hulle vergewe word; want 'n swakheid was dit**, en hulle het hul offer as vuuroffer aan YHWH en hul sondoffer, **weens hulle swakheid**, voor die aangesig van YHWH gebring.²⁶ Dit sal dan die hele vergadering van die **kinders van Israel vergewe word**, ook **die vreemdeling** wat onder hulle vertoef; want dit het die hele volk deur **swakheid oorgekom**. ²⁷ En as 'n enkele siel **in swakheid sondig**, moet dié 'n **jaaroud bokkooi as sondoffer bring**. ²⁸ En die priester moet versoening doen vir die siel wat hom **misgaan het**, weens sy sonde in **swakheid** voor die aangesig van YHWH begaan, om vir hom versoening te doen; en **dit sal hom vergewe word**. ²⁹ Wat die kind van die land onder die **kinders van Israel aangaan en die vreemdeling** wat onder hulle vertoef—**EEN** en dieselfde **WET** moet vir julle geld, vir hom **wat in swakheid** iets doen.*

2) Diegene wat die Minste is in die Koninkryk van Elohim:

Aangehaal uit Matt 5:19 en Num 15:22-29 soos hierbo.

3) Diegene wat Verwerp is uit die Koninkryk van Elohim:

Daar is drie plekke in die Skrif wat die groep verklaar wat verwerp word: Matt 7:21-23, Heb 10:26-31 en Num 15:30-31.

Ons sal later in die lering kyk na Matt 7:21-23. Vir nou, laat ons begin deur te fokus op Heb 10:26-31...

Wat is Onkundige Sonde en Opsetlike Sonde volgens die Bybel?

Daar is twee hoof groepe van sonde in die Bybel en hulle word geklasifiseer as **Onkundig Sonde** en **Opsetlike Sonde**.

*Matt 5:19: **Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooië breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.***

Onkundig Sonde beteken dat jy **eerlik nie geweet het dit was 'n sonde nie**, want jy het nog nie **tot die besef gekom dat jy nodig het om die Torah te hou nie** omdat net die Torah sonde identifiseer. Dit is Onkundige Sonde en die Leraar wat dit leer sal in die koninkryk van die hemele (Groep 2) wees, maar hy / sy sal die kleinste in die koninkryk van die Hemel genoem word. Dit is duidelik dat jy nodig het om hom / haar reg te help deur hom / haar hierdie reeks boekies (vrylik in PDF formaat beskikbaar op ons Webwerf www.hrti.co.za) per epos te stuur.

Opsetlike Sonde, ook bekend as **Doelbewuste Sonde**,¹³ is anders, en moet die "Hel" uit 'n person bang maak!

Heb 10:26-31: ²⁶ *Want as ons opsetlik sondig* (verbreking van Torah ¹⁴), ***nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het*** (weet wat die Torah sê), ***bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie***, (Let wel: Die Torah van Lev 1-7 beskryf al die offers. Almal van hulle is vir onkundige sonde, nie vir opsetlike sonde nie. Daar was NOOIT 'n offer vir opsetlike sonde nie. Opsetlike sonde vereis berou, nie offer nie. Dit is wat Dawid gedoen het toe hy opsetlik gesondig het deur sy mag te gebruik om Batseba te verlei terwyl haar man in 'n oorlog ten behoeve van Koning Dawid was. Toe daar uitgevind is dat sy swanger was met sy kind, het David gereël dat haar man Uriá doodgemaak moet word in die oorlog om die saak te verdoessel. David was 'n egbreker en 'n moordenaar deur opsetlike sonde. Hy kon nie 'n offer bring nie, want dit sou nie gehelp het nie. Hy moes tot berou kom om vergewe te word). ²⁷ ***maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die***

¹³ Jak 4:17

¹⁴ 1 Joh 3:4 - "sonde is die oortreding van die Wet"

teëstanders sal verteer (Groep 3 sal hierin deel - veroordeel tot die poel van vuur). ²⁸ As ***iemand die wet van Moses*** (Torah) ***verwerp het***, ***sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie***; ²⁹ ***hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy*** (A) ***verdien wat die Seun van God vertrap het*** en (B) ***die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en*** (C) ***die Gees van genade gesmaak het?*** ³⁰ ***Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek YHWH; en weer: YHWH sal sy volk oordeel.*** ³¹ ***Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.***

Drie dinge wat diegene wat opsetlik sondig aan YHWH doen, word uitdruklik hier genoem:

- (A) Hulle verag (of vertrap), die Seun van Elohim
- (B) Hulle ontheilig die bloed van die verbond
- (C) Hulle verontwaardiging die Gees van genade

Nou, die volgende sal rondspeel met jou Teologie... Y'shua het al die offers en offerhandes in die Torah, korrek? Ja, dis waar. Maar as dit waar is, waar was die **offer of offerhande vir opsetlike sonde**? Soos ons reeds gesien het in die Bybel en bewys het in hierdie studie, beteken dit dan dat **Y'shua** (die Offerhande) **nie gehang kon word aan Sy kruishout** (altaris) **vir opsetlike sonde** nie, want daar is eenvoudig geen Offer vir die Opsetlike Sonde nie. **Y'shua het gesterf vir Onkundige Sonde** en het dus al die offers vervul. Dit het alles slegs te doen **met onkunde**. As jy opsetlik sondig, moet jy berou betoon soos Dawid gedoen het en ophou om die sonde te pleeg, punt!

Kom ons kyk nou na opsetlike sonde vanuit die Torah self - Num 15:30-31:

³⁰ ***Maar die siel wat iets moedswillig*** (opsetlik) ***doen, van die kinders van die land of van die vreemdelinge, hy versmaad*** (spot, blameer, in die skande steek) YHWH; ***en dié siel moet uitgeroei word onder sy volk uit.***

³¹ ***Want die woord van YHWH het hy verag (rebelleer) en sy gebod*** (Torah) ***verbreek.*** ***Dié siel moet sekerlik uitgeroei word; sy ongeregtigheid is op hom.***

Jy sien, wanneer ons die kennis van die waarheid gehoor het - met ander woorde, wanneer sonde aan ons geopenbaar is, **en ons hou aan sonde pleeg en ons berou nie**, sal daardie persoon (Groep 3 persoon) hom /

haarself veroordeel tot die poel van vuur as gevolg van sy / haar **opsetlike sonde!**

Die "Onmoontlike" Evangelie

Daar is 'n Evangelie, die "ware Evangelie" wat onbreekbaar en onveranderlik is: dit is YHWH se Evangelie, en dit is in beton gegiet. En dan is daar die evangelie wat die meerderheid van die Christendom in glo. Dit is wat ek, "Die Onmoontlike Evangelie" noem. Die volgende drie redes sal verduidelik waarom:

1) Rede No 1: Jy kan nie by die Torah **byvoeg of wegneem** nie:

Deut 4:2: *Julle mag by die woord wat ek julle beveel, **niks byvoeg nie**, en julle mag daar **niks van weglaat nie**; sodat julle die **gebooie** (Torah) **van YHWH julle Elohim mag onderhou**, wat ek julle beveel.*¹⁵

Ons kan ook die vers as volg vertaal:

*Jy sal nie die woord wat ek julle bevel **VERANDER** nie, dat jy die gebooie (Torah) van YHWH jou God wat ek jou beveel, kan **UITVOER**.*

Die eerste punt impliseer dat Y'shua en al die apostels gebind was deur die wet. Hulle kon nie byvoeg of wegneem van die Torah nie.

2) Rede No 2: Jy moet **toets** om te sien of dit die waarheid is, en of dit u nie kan laat afdwaal of tot opstandheid lei nie:

Deut 13:1-5: *¹ As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, ² **en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het** met die woorde: Laat **ons agter ander gode aan loop**—wat jy nie geken het nie—**en hulle dien**, ³ **dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie**; want YHWH julle Elohim **beproef julle** om te weet of julle werklik YHWH julle Elohim liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. ⁴ Julle moet YHWH julle Elohim navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. ⁵ Maar dié **profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word**, want hy het **afval***

¹⁵ Ook Deut 12:32, Pred 30:6 en Op 22:18-19

verkondig van YHWH julle Elohim wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur **jou af te drywe van die weg wat YHWH jou God jou beveel het om daarop te wandel** (die Torah weg). So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.¹⁶

Punt nommer twee verduidelik duidelik aan ons dat indien 'n persoon, Pastoor, Profeet of Leraar die nasie mislei (weg van YHWH se weë), die profeet gestenig moet word en as 'n valse Profeet of Leraar geklassifiseer word.

So, wat is "Die Weg" – bedoelende die enigste "regte manier"? Weereens, die Bybel (YHWH se eie woorde) gee ons die bepalende antwoord; nie die mensdom se mening nie:

Spr 6:23: *Want die **gebod** (Torah) is 'n lamp en die **onderwysing** (Torah) 'n lig en die teregwysing van die tug 'n weg tot die lewe.*

YHWH se Torah is nie die weg van die dood nie, maar die pad van die **LEWE!** Torah is ontwerp om die lewe aansienlik te verbeter, te seën en te beskerm - wow! Per slot van rekening, Torah is YHWH se instruksies in geregtigheid (2 Tim 3:16).

Dit beteken jy moet **elke enkele ding teen die Torah toets**; die **Torah is die enigste maatstaf wat kan en moet gebruik word vir die korrekte leerstellings**. Enige onderwysing, sê ding, prediking, selfs 'n interpretasie van die Skrif **wat die Torah weerspreek, is onwaar**. Dit maak natuurlik die een wat dit onderrig **'n valse profeet** (bewys hierbo) en **leuenaar** (sal later bewys), en dit is YHWH se standaard.

3) Rede No 3: YHWH en Y'shua kan nie verander nie¹⁷

Kom ons vra die vraag: "Is YHWH lukraak en verander dinge sonder om ons, Sy volgelinge, in kennis te stel?" ook "Kan Elohim enigiets doen sonder om die Profete daarin te ken, dit wil sê, dat Sy Seun weg sal doen met die Wet?"

Amos 3:7: *Want Adonai YHWH **doen niks** tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.*

¹⁶ Jes 8:20

¹⁷ Mal 3:6 en Heb 13:8

Nee, **Hy kan nie**. YHWH vertel ons duidelik dat Hy niks sal doen, tensy Hy dit geopenbaar en verklaar het aan sy profete nie. As YHWH Sy Seun wou laat sterf sodat ons varkveis kan eet, sou Hy dit sekerlik bekend gemaak het en dit duidelik vir ons gesê het. Nee, daar is **nie een enkele vers** wat sê dat die Torah mee weggedoen sou word nie - nie 'n enkele profesie nie. Die probleem is **die mens se erg foutiewe interpretasie van die Woord** wat Christene weggestuur het van die Torah! En hierdie verkeerde interpretasies spruit uit 'n gebrek aan kennis van die Torah!

Punt nommer drie bewys aan ons dat iets beplan was, en nie deel was van 'n verkeerde interpretasie nie. As YHWH geprofeteer het dat daar iets sal gebeur, dan weet ons dat dit moet gebeur. Maar as dit nie geprofeteer is nie, dan moet ons ook weet dat dit nie sal gebeur nie.

As 'n Christen, beantwoord asseblief die volgende vrae: "Is Y'shua sonder sonde?" Is dit enigsins moontlik dat Y'shua kon sondig? Die antwoord is voor die hand liggend dat **Y'shua sondeloos is** en **nie kan sondig nie**, nie eens in die geringste kwessie nie. Volg nou hierdie argument om te sien waar Christenskap foutief is betreffende die Torah:

*Matt 26:59-61: ⁵⁹ En die owerpriesters en die ouderlinge en die hele Raad het valse getuienis teen Y'shua gesoek om Hom dood te maak (want hulle kon enige sonde of rede kry om Hom dood te maak nie), **en niks gevind nie**. ⁶⁰ En alhoewel daar baie valse getuies gekom het, het hulle niks gevind nie. ⁶¹ Maar oplaas kom daar twee valse getuies en sê: Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en dit in drie dae opbou.*

So hier kan ons duidelik sien, hulle kon niks vind wat Y'shua verkeerd gedoen het nie. Y'shua was dus sonder sonde, soveel so dat hulle valse getuies moes inroep om Hom te veroordeel. Onthou, hul land se wette was Torah. Hulle het Y'shua veroordeel gebaseer op die Torah, soos hulle nog altyd gedoen het. As Hy rebellie geleer het teen die Torah van YHWH, sou hulle sekerlik nie nodig gehad het om valse getuies in te roep nie!

Laat ons teruggaan vir 'n oomblik na die vraag, "Wat is sonde?" Ons het duidelik uit die Skrif gesien dat **"sonde is die oortreding van die wet"**. Dit beteken dat ons almal kan saamstem dat Y'shua nie die wet oortree het nie.

Deur redenasie en intellektuele begrip, is dit duidelik dat Y'shua dan nooit enige een van die gebooe van die wet verbreek het nie. Dit beteken dat Hy elke enkele gebod van die wet bewaar! Kom ons gee u 'n voorbeeld:

Y'shua was voor Kajafas en Hy wou nie te praat nie.¹⁸ Kajafas het Hom bevel: "Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Messias, die Seun van God, is?" Ewe skielik het Y'shua begin praat, hoekom?

Mattheus vertel ons hoe Kajafas vir Y'shua onder 'n plegtige eed geplaas het, en die eed van getuienis gebruik het om gesê:

Matt 26:63: ⁶³ Maar Y'shua het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Messias, die Seun van God, is?

Dit was verstaan dat met so 'n eed, 'n antwoord wetlik nodig was om te gee, ten spyte van die feit dat dit onwettig was om hierdie verhoor vir die lewe te doen. Deur die wet was Y'shua verplig om te antwoord:

*Lev 5:1: ¹ En as iemand sondig dat hy die **luïd uitgesproke beswering hoor**, terwyl hy getuie was, dit gesien het of daarvan weet as hy naamlik dit nie te kenne gee nie en so sy ongeregtheid moet dra;*

In hierdie geval sou stilte op sigself 'n skuld erkenning gewees het. Nog 'n feit is, dat indien Y'shua nie hier gepraat het nie, sou Hy 'n wet verbreek het wat dan op sy beurt van hom 'n sondaar sou gemaak het.

Opsomming van "Die Onmoontlike Evangelie"

1) Was die Torah verander?

- Jy kan die Wet (Torah) nie VERANDER nie.
- As iemand dit verander, moet daardie persoon gestenig word.
- Dit moet eers geopenbaar word deur 'n profeet soos in die Ou Testament voor YHWH dit kan verander, en Y'shua die profeet het dit nie verander nie.

2) Kan Y'shua leer dat die Torah nie meer van toepassing is nie? YHWH sê die Torah is VIR EWIG, en vir ewig beteken VIR EWIG.

- As Hy dit gedoen het, sou Hy gestenig gewees het.
- Dit sou nie "valse getuies" gewees het wat Y'shua veroordeel het nie, maar ware getuies.

3) Dit was NOOIT geopenbaar dat die Torah tot 'n einde sou kom nie; in

¹⁸ Matt 26:61 -64

werklikheid, sien ons die teenoorgestelde .

- Jeremia hoofstuk 31 praat oor 'n Nuwe (Hernieuwe) verbond wat gemaak sal word, maar die Nuwe Verbond sluit die Wet in: "**Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek YHWH: Ek gee my wet (Torah) in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.**" (Vers 33) .

- Esegjël 38 en 39 handel oor die Slag van Gog en Magog, sowel as met die Slag van Armageddon aan die einde van die Verdrukkings Tydperk. Hoofstukke 40-48 handel duidelik met die "Olam Haba" (die Duisendjarige Vrederyk van Y'shua) - die Duisend Jaar van Vrede . Ezeziel in hoofstukke 40-48 gee breedvoerige besonderhede van hoe Y'shua dan sal regeer in Sy Koninkryk op aarde. In hierdie hoofstukke, sien ons die herstel van tempel offersandes (vir feeste en kos vir die priesters), die hervatting van die verantwoordelikhede van die Leviëte en Cohanim (Priesters) in die Herboude Tempel, alles ooreenkomstig die Torah. As die wet mee weggedoen was, hoekom sou YHWH dit weer herstel? Nee, die Wet was nog nooit mee weggedoen nie. Christene is verblind deur Satan van YHWH se wonderlike waarhede.

Gevolgtrekking

Die basis van die "Onmoontlike Evangelie" is: "As Y'shua onderrig het teen die Torah, dan sou Hy gediskwalifiseer gewees het as die Messias en sou Hy 'n vals messias gewees het". Die meerderheid van die Christendom glo in 'n messias wat onmoontlik nie kan bestaan nie. Dit is 'n messias wat die wet oortree het, deur dit te verander, terwyl dit nie geprofeteer was om te gebeur nie. Dit is 'n messias wat 'n sondaar was, want hy het die Torah verbreek.

So, ons kan **beide** die Torah EN die Messias óf aanvaar, of **beide** die Torah en die Messias verwerp.

Y'shua kon nie teen die Torah leer nie; dieselfde geld vir Enige ander skrywer van die Skrif, punt.

Stof tot nadenke

As jy kan bewys dat Y'shua geleer het:

- dat die besnydenis van die vlees **nie meer nagekom moet** word nie,
- jy nie bewys dat die besnydenis nie nagekom moet word nie,
- jy sal **slegs** bewys dat **Y'shua 'n valse profeet is** en 'n dat hy nie

die belofde Messias van Israel is nie.

- Dieselfde geld vir enige ander gebod wat Y'shua uiteengesit het.
- Dan moet enige ander skrywer van die Skrif wat die Torah promoveer, ook beskou moet word as 'n valse profeet.

Deur die afleiding van bogenoemde feite, behoort ons regtig die onderrig net hier stop. Dit is werklik die einde van die saak. Enige argument, debat en mening met betrekking tot die Torah en die geldigheid vir vandag kan opgelos word met hierdie argument. Hierdie feitlike inligting, gebaseer op gesonde Skrifuitleg, behoort alle redenasie te besleg en ongetwyfeld te bewys dat ons die Torah moet onderhou.

Erg Misinterpreteerde Skrifte

Ons sal u nou neem deur die baie verse uit die Nuwe Verbond wat Christene gebruik as 'n bewys dat die wet weggedoen is mee. Plaas asseblief jou geestelike veiligheidsgordel aan, aangesien dit rit stamperig kan raak!

Argument 1: Y'shua het nie weg gedoen met die wet nie, en dit ook nie geleer nie. Hy het die Wet vervul (Matt 5:17-18)

Nou, sommige sê dat Y'shua het nie weggedoen met die Torah nie. Hy het nie gekom om dit te "vernietig/af te skaf" nie, maar het dit "vervul". Kom ons kyk na hierdie argument en sien of dit water hou.

Daar is twee belangrike woorde om na te kyk in Matt 5:17; "af te skaf" en "vervul"

*Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te **ontbind** (af te skaf) nie. Ek het nie gekom om te **ontbind** (af te skaf) nie, maar om te **vervul**.*

Die woord "vervul" is die Griekse woord pleroo en het verskeie betekenisse:

- om vol te maak, te vul; dit wil sê, ten volle aan te vul, of
- om te vul tot bo: sodat niks gemis sal word nie, tot volle maat te vul, tot by die rand te vul, of
- om ten volle te verkondig *.

Afskaf beteken om *weg te doen met of 'n einde te maak aan*. **Vervul** volgens Christene beteken ook om *weg te doen met of 'n einde te maak aan*, presies soos Y'shua die Wet vervul het.

Maar kyk mooi na Y'shua se woorde, Hy het gesê hy het gekom om die **een te doen** (vervul) en **nie die ander** (vernietig / af te skaf), dus kan hulle nie dieselfde ding beteken nie.

Wat beteken **vernietig / af te skaf**, en wat beteken **vervul**? Kan hulle beide opeindig met dieselfde betekenis en dieselfde resultaat produseer?

Kom ons begin deur te kyk waar anders ons die Griekse woord pleroo ("vervul") kry:

Rom 15:19: *deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Messias **volbring** (pleroo) het van Jerusalem af en rondom tot by Illirikum;*

As pleroo (vervul) beteken om "op te hou doen", is ons nou veronderstel om te stop om die Evangelie te verkondig; aangesien Sha'ul (Paulus) dit ten volle gedoen en hoef geen verdere handeling is nodig nie? Dit kan nie wees nie, reg? Nog 'n vers...

Rom 15:13: *En mag die God van die hoop julle **vervul** (pleroo) met alle blydskap en vrede deur die geloof, dat julle oorvloedig kan wees in die hoop deur die krag van die Heilige Gees!*

As YHWH jou gevul het met groot blydskap in jou geloof in Y'shua op 'n spesifieke dag, het jy nou opgehou om vreugde die volgende dag en vir die res van jou lewe te hê? Jy sien die argument van 'n **Christelike perspektief**; die Grieks-Westerse perspektief, is **totaal gebrekkig**. Kom ons beweeg nou aan na wat Y'shua eintlik sê ...

